

5 Augustus

Openbaring 2:12-17

Pasop vir meedoen

In Numeri 22 tot 25 lees ons hoe koning Balak van Moab die waarsêer Bileam se hulp ingeroep het. Balak wou hê Bileam moet die Israeliete vervloek. God het Bileam gekeer. Bileam het die vervloeking teen sy sin teruggehou en toe Balak op 'n ander manier gehelp. Hy het Balak aanbeveel om die Moabitiese vroue te gebruik om Israel tot 'n val te bring. Die Moabitiese vroue het die Israelitiese mans uitgenooi na die offers van hul afgode. Die Israeliete het die uitnodiging aangeneem, saam die afgode aanbid en onsedelik met die vroue verkeer. Die Here het die Israeliete gestraf deur 24 000 van hulle te laat sterf.

In Pergamum was daar lidmate wat die leer van Bileam aangehang het. Dit was mense wat soos die Israelitiese mans van ouds gereken het hulle het deel aan God se verbond, maar kan ook aan die ongelowige Moabiete se feesvieringe meedoen. Hoewel ons in hierdie wêreld is, beteken dit nie dat ons in alles kan meedoen nie. Om Jesus Christus as Verlosser te hê beteken nie dat ons nou maar kan leef soos ons wil nie. Die Heilige Gees lei ons in 'n lewe van heiligmaking. Die Heilige Gees lei ons om te midde van hierdie wêreld nie agter elke gril en gier aan te hardloop en mee te doen nie. Dit is nie die wêreld wat ons moet beïnvloed nie maar ons wat die wêreld moet beïnvloed. Wie reken hy is 'n gelowige, maar hy kan leef soos ongelowiges leef, sal eendag met die Here se oordeel te doen kry.

Sing: Skrifberyming 40:1,4,6

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)